SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

Administratiewe Komitee

Selfoon: 0823437800
Faks: 017-6324686
E-Pos: sawrestl@mweb.co.za

Posbus 364,
Evander - 2280.
02 April 2009.

Aan: Alle Stoeiverenigings.

Mnr/Me,

Dit het onder die SASF Admin Raad se aandag gekom dat daar nog steeds tydens stoeibyeenkomste kinders en ander persone in die Admin lokaal rond sit en in die Admin Beamptes se lotingslyste rond krap, die Admin Beamptes en tiksters uit die werk hou en dan maak die Admin Beamptes foute as hulle skielik vinnig moet werk om die werk in te haal.
Daar is al in die verlede gevra dat dit nie moet gebeur nie, maar die reël word nie altyd toegepas nie.
Daar is persone wat hulle nie steur aan die versoek nie en wat nie wil saamwerk nie.
Daar word ook nog steeds van die Admin lokaal 'n stoorkamer gemaak vir tasse, sakke, komberse en herlaai van selfone en kameras se batterye.
Bogenoemde gaan nie meer aanvaar word nie en sal nie meer toegelaat word nie.

Die eie tasse en sakke van die persone wat werk in die Admin lokaal sal wel toegelaat word.

Daar is nie 'n probleem as 'n Admin Beampte of 'n tikster se kind vinnig vir die ma of pa iets kom vra of sê nie, maar daar gaan nie meer uitgekamp word in die Admin lokaal vir die dag nie.

Admin Beamptes moet ook daarop let dat geen navrae deur hulle hanteer mag word nie. Alle navrae moet deur die Lid van die SA Spanbestuurders Raad wat die dag diens doen, by die Admin Raadslede gedoen word.

Sorg asb dat alle persone kennis dra van bogemelde reëling.

Baie dankie vir u samewerking.

Stoeigroete,

Manie van den Berg.
Voorsitter SASF Admin Komitee.